



Drive your imagination

10 reasons to use your library



1 Help your children be better readers. Research shows that children who use the library are nearly twice as likely to be above-average readers than children who don't. *(National Literacy Trust)*

2 Establish the reading habit. Regular trips to the library help you and your children make a regular "date" with books so you all get into the habit of reading!



3 Something for everyone. Libraries offer books for all ages and interests, all under one roof – from board books for babies, to picture books for young children, and novels and information books for older children and adults.

4 Reading for free. Libraries offer a wider variety of reading material than we could ever own – and it is free!

5 Who's your favourite? Libraries are great places to find out who your favourite authors are – and you can keep discovering new ones too!

6 Reading to write. Reading stories written by others can help inspire children's own story writing.

7 More than books. Many libraries also offer more than just books – for example, CDs, DVDs, newspapers and magazines. Some libraries also have computers you can use to access the Internet.

8 Enjoy free activities. Some libraries offer activities especially for children (like regular storytelling times) that let them have fun with books.

9 Ask for advice. Librarians are knowledgeable! Ask them about good and popular books for children, teenagers and yourself.

Quiet space. The library is a peaceful place for older children to do their homework. There are plenty of books to help them do research for school projects and assignments.

10



10 redes waarom jy jou biblioteek behoort te gebruik

1 Help jou kinders om beter lesers te word. Navorsing toon dat kinders wat die biblioteek gebruik, twee keer meer geneig is om bogemiddelde lesers te word as kinders wat dit nie doen nie. *(Nasionale Geletterdheidstrust)*

2 Vestig die leesgewoonte. Gereelde besoeke aan die biblioteek help jou en jou kinders om 'n gereelde "afspraak" met boeke te maak en so in die gewoonte te kom om te lees!

3 Iets vir almal. Biblioteke bied boeke vir alle ouderdomme en belangstellings, alles onder een dak – van kartonboeke vir babas, tot prentboeke vir jong kinders, en romans en inligtingsboeke vir ouer kinders en volwassenes.

4 Lees is gratis. Biblioteke bied 'n wyer verskeidenheid leesmateriaal as wat ons ooit kan besit – en dis gratis!

5 Wie is jou gunsteling? Biblioteke is wonderlike plekke om uit te vind wie jou gunstelingskrywers is – en jy kan altyd nuwe skrywers ontdek!

6 Lees om te skryf. Om stories te lees wat deur ander geskryf is, kan help om kinders te inspireer om hulle eie stories te skryf.

7 Meer as boeke. Baie biblioteke bied ook meer as net boeke – byvoorbeeld, CD's, DVD's, koerante en tydskrifte. Sommige biblioteke het ook rekenaars wat jy kan gebruik om toegang te kry tot die Internet.

8 Geniet gratis aktiwiteite. Sommige biblioteke bied aktiwiteite spesifiek vir kinders aan (soos gereelde storie-ure) wat hulle kans gee om pret te hê met boeke.



9 Vra advies. Bibliotekarisse het baie kennis! Vra hulle oor goeie en gewilde boeke vir kinders, tieners, en vir jouself.



Stil ruimte. Die biblioteek is 'n rustige plek waar ouer kinders hulle huiswerk kan doen. Daar is baie boeke om hulle te help om navorsing vir skoolprojekte en werkopdragte te doen.

10



www.nalibali.org



www.nalibali.mobi



[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)



[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)



It starts with a story...